kruiskerk.co.za
info@kruiskerk.co.za
wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Op klip geskryf. Wat is op die tafels van jou hart?

Skriflesing: Exodus 34:7-12

Bybel in Kaaps: Psalm 49

Olivia M Coetzee

Psalm 49

Virrie musiekleier. Vannie Koragiete. 'n Psalm

1 Luiste na die, amal van julle;
luiste, amal wat in die wêreld in bly,
2 elke ene, sonner uitsonnering,
ryk en arm.
3 My mond gan woorde van wysheid praat;
die meditasie van my hart sal jou maak vestaan.
4 Ek gat my oor draai na die wysheid toe
en terwyl ek oppie lier speel, wil ekkie geheimenis veklaar:
5 Hoekô moet ek bang wies wanne die moeilike dae kom,
wanne dwase bedrieërs om my staan
6 die mense wie in hulle besittings vetrou
en wie brêk oo hulle grote rykdom?
7 Niemand kannie liewe van 'n anne loskoepie,
of vi God 'n losprys vi hom betaalie,
8 die losprys vi 'n liewe is te duur,
wat hy kan betaal, sal nooit genoeg wiesie
9 soedat hy vi altyd kan liewe
en nooit sal vegaan nie.
10 Wan amal kan mos sien dattie wyse mense dood gan,
die dwase en sotte hulle dood oek,
en laat hulle besittings agte vi anne mense.
11 Die graf is vi iewig en altyd hulle huis,
van geslag tot geslag is dit vi iewig hulle woning,
selfs al het hulle op 'n tyd grond op hulle naam gehad.
12 Mense, al het hulle klomp besittings, liewe nie vi altytie;
hulle is soesie diere wat vegaan.
13 Dit is oekie lot vannie mense wat op hulleself staatmaak,
en dié wat hulle volg en saamstem met wat hulle sê.
14 Hulle is soes skape en sal oek doodgan;
dood sal hulle wagte wies.
Sonne alles gan hulle die graf in;
innie dood in vedwyn alles wat hulle op staat gemaakit;
vi hulle bestaanitie meerie
15 maar God sal vi my loskoep uitie dood uit;
ek sal aan Hom behoort.
16 Moetie jou daaoor steer as anners ryk wortie,
dat hulle besittings baie wortie;
17 wan hulle vat niks saamit hulle wanne hulle sterfie,
hulle besittings gaan nie saam met hulle graf toe nie.
18 Al dink hulle, terwyl hulle liewe, dat hulle geseënd is,
ennie mense prys jou omdat dit met jou goed gaan,
19 soes sy voorouers sal hy oek moet sterf,
wie nooit wee die lig vannie liewe sal sien nie.
20 Mense wie baie ryk is, maa wie nie vestand hettie,
is net soes die diere wat vegaan.

http://www.litnet.co.za/bybel-kaaps-psalm-49/

◆◆◆

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou…

Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Broodjies vir die pad

3 5 8 13 …

Groei gedigte in bonkige
alfabet punterige wêrelde
wat stil asemhaal
buig en verander
ekstrapoleer

donker binnekamer
goue middaguur
koel karoohuis

soet soos turksvye
koel soos fonteine
eg soos 'n kind
op reis deur sy
sonnestelsel.

André van der Berg

http://www.litnet.co.za/3-5-8-13/

◆◆◆

"Here and there and not just in books we catch glimpses of a world of once upon a time and they lived happily ever after, of a world where there is a wizard to give courage and a heart, an angel with a white stone that has written on it our true and secret name, and it is so easy to dismiss it all that it is hardly worth bothering to do. ... But if the world of the fairy tale and our glimpses of it here and there are only a dream, they are one of the most haunting and powerful dreams that the world has ever dreamed..."
– Frederick Buechner, Telling the Truth: The Gospel as Tragedy, Comedy, and Fairy Tale

Sitting down at the table is a sacred event. It's the heart of the home. People have ginormous homes or crappy little homes, but the kitchen is where we always end up sitting. It's where the stories happen, the family happens.
Debi Mazar

"The test of mountain-top experiences, of mysticism, of visions of God and of solitariness is when you are "in the soup" of actual circumstances."
– Oswald Chambers, Shade of His Hand

"A life of faith is not a life of one glorious mountaintop experience after another, like soaring on eagles' wings, but is a life of day-in and day-out consistency; a life of walking without fainting (see Isaiah 40:31)."
– Oswald Chambers, My Utmost for His Highest: Traditional Updated Edition

◆◆◆

Oswald Chambers was born to devout parents in Aberdeen, Scotland. At age 16, Oswald Chambers was baptized and became a member of Rye Lane Baptist Chapel. Even as a teenager, Chambers was noted for his deep spirituality, and he participated in the evangelization of poor occupants of local lodging houses. Oswald married Gertrude in May 1910, and on May 24, 1913, Gertrude gave birth to their only child, Kathleen. In 1915, a year after the outbreak of World War I, Chambers was accepted as a YMCA chaplain. He was assigned to Zeitoun, Cairo, Egypt, where he ministered to Australian and New Zealand troops, who later participated in the Battle of Gallipoli. Soon his wooden-framed "hut" was packed with hundreds of soldiers listening attentively to his messages. Confronted by a soldier who said, "I can't stand religious people," Chambers replied, "Neither can I." Chambers was stricken with appendicitis on October 17, 1917 but resisted going to a hospital on the grounds that the beds would be needed by men wounded in the long-expected Third Battle of Gaza. On October 29th, a surgeon performed an emergency appendectomy, but Chambers died November 15, 1917 from a hemorrhage of the lungs. He was buried in Cairo with full military honors. Gertrude, for the remainder of her life published books and articles for him edited from the notes she had taken in shorthand from his sermons. Most successful of the thirty books was, "My Utmost for His Highest", which has never been out of print and has been translated into 39 languages.

http://www.goodreads.com/author/show/41469.Oswald_Chambers

◆◆◆

Brood vir die pad

So gepraat van wetmisbruike

In 1631 druk die Britse koninklike uitgewers Barker en Lucas 'n King James Bible met die sewende gebod as "thou shalt commit adultery".

Nege eksemplare van dié sogenaamde "Wicked Bible" sonder die nodige "not" bestaan vandag nog – en is uiters gesog!

Wat óns maklik regkry, is egter erger, of hoe? Terwýl ons naamlik die gebooie vroom voorlees en aanhoor, vind ons immers redes om hulle nié regtig uit te lewe nie? Terwyl hulle in ons ore klink en ons hulle in die mond neem, vind ons harte maniere om hulle te ignoreer?

Dis dié soort verskoning waaraan Calvyn dink as hy destyds waarsku dat ons nié bloot sal vra wat die gebooie (negatief) verbied nie maar veral wat hulle (positief) gebied – want dis 'n ander storie.

Neem steel. Daar is baie maniere van steel, sê Calvyn. As ons onthou dat dié gebod eintlik bedoel dat ons aan ander sal doen wat ons hoop hulle ook aan óns sou doen as die rolle omgeruil was – dan word dié vele maniere beter herkenbaar.

Ons steel naamlik op onwettige én wettige maniere, sê hy. Ja, daar is geweld en roof, ja, daar is bedrog en misleiding, maar daar is óók meer verborge maniere, met die skyn van geregtigheid, selfs van liefde.

Gestel ons sou wette maak wat magtiges bevoordeel en eenvoudiges verder benadeel, sodat skatrykes – byvoorbeeld – agter wette kan skuil en belasting ontduik ondanks hul luukse lewenstyl en klaarblyklike bevoorregting, terwyl gewone mense die las dra wat infrastruktuur en openbare dienste moontlik maak, is dit dan nie steel nie, vra hy, al is dit wettig?

Gestel ons sou – byvoorbeeld – voel dat ons liefdadig is omdat ons skenkings maak of fooitjies gee, maar dié barmhartigheid help verdoesel eintlik die wrede werklikhede van armoede, ongelykheid en uitsigloosheid in ons gemeenskap, sodat ons nie dáároor hoef te dink en praat en dááraan iets doen nie, is dit nie steel nie, vra hy, al doen ons dit uit egte omgee?

Gestel ons skuil agter hofsake, ondersoeke, kommissies, regulasies en reëlboeke om korrupsie en nepotisme wettig te laat lyk, is dit nie steel nie?

Dit gaan ook nie net om geld nie, sê hy, want steel ons nie ook van ons naaste – selfs ons kinders, ons gesinslede – as ons nie die tyd en energie, die aandag en omgee aan hulle laat toekom waarop hulle geregtig is nie?

Ons mag sê – selfs dink, selfs gló – dat dit alles wettig en goed (en dalk vernuftig) is van ons, maar God sien sake anders, sê Calvyn. Altans, dis wat die gebod beteken, dink hy. – DJS

http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/so-gepraat-van-wetmisbruike-20170218#

◆◆◆

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877